

Vrydag 7 April

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17-32

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:24

Nuwe mens in Christus tot eer van God

Moenie langer soos heidene lewe nie (vs 17b), dit is sinloos omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. In teenstelling met die volharding in onkunde en eie sondige drange, wat tot die dood lei, staan die lewe wat God skenk.

Die inhoud van die waarheid waarin ons onderrig is omdat ons van Christus gehoor het en Hom volg, word in verse 22-24 uitgespel. Die waarheid waaroor dit gaan, is die onderrig ten opsigte van die lewenswandel. Drie sake kom hier na vore:

- Hou op, breek, trek die ou mens uit soos 'n mens ou, vuil klere uittrek (vs 22).
- Word innerlik vernuwe deur die vernuwing van die gees en gedagtes (vs 23).
- Lewe as nuwe mense, trek die nuwe mens aan soos nuwe, skoon klere (vs 24).

Wie aan Christus behoort, word deur die Heilige Gees gelei om om op te hou om te lewe soos hulle vroeër gelewe het, en met die ou mens gebreek. Daarteenoor lei die Heilige Gees ons om as nuwe mens te leef, geskep na die beeld van God. Die nuwe mens is geskep volgens wat God wou hê, dit wil sê om te wees soos God wou hê hy moet wees. So 'n mens is ook iemand wie se lewe deur heiligheid gekenmerk word, dit wil sê 'n lewe wat in diens van God gewy word.

Breek met die ou mens en leef deur die Heilige Gees as 'n nuwe mens, in Christus, tot eer van God.

Sing: Skrifberyming 24 (1-1):3

Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)